Kultuur weekliks aan die kook!

Toneel EENBEDRYWE:

Baie dankie aan die rekord getal Jan van Riebeeckers wat vanjaar deelgeneem het aan die EENBEDRYF oudisies.

Baie geluk aan diegene wat deurgedring het na die *callbacks* wat volgende week plaasvind om die stukkete finaliseer.

Callbacks vind op **Maandag; 15 Februarie** in die skoolsaal plaas. ***Boomplanters*** **vind plaas tussen 14h15 en 14h50** waarna ***777*** **se** ***callbacks*** **sal volg tot 16h00**.

Rotary debating: Our first debate will take place on Monday night 22 February 2010. The junior team will debate about the re-institution of the death sentence. The topic for the senior team is "It should be compulsory to vote in the national elections". We wish them well with their preparations.

Fotografie: Die senior fotografieklub begin amptelik op eerskomende Woensdag om 14h00 in Juf. Janse van Rensburg se klas. Alle leerders is solank welkom om hul beste fotos agtermekaar te kry vir die **TOP 20 Foto-uitstalling** tydens ons eerste

KULTUUR Jan Zoe—waar die wenner se foto in A3 formaat geraam sal word.

Jan Zoe Sêr: Die eerste KULTUUR Jan Zoe is oppad met

Massasêr. Die HK-lede van die drie huise het reeds hierdie week die opdragte en formaat van die kompetisie ontvang en dit beloof om top vermaak te verskaf. Sterkte met al die voorbereidings. Ons sien uit na die eindproduktetydens ons eerste oueraand van 2010.

Siener in die Suburbs

'n Klassieke Afrikaanse Drama deur PG du Plessis aangebied deur UCT Drama Dept.

Wees deel van hierdie klassieke teater ervaring!

Kontak JJ van Niekerk by

076 391 3414 of

jjbvanniekerk@gmail.com vir verdure navrae en

JvR TEATERKLUB 2010

HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK

KLOOFSTRAAT 129, KAAPSTAD

UITGAWE 4

12 FEBRUARIE 2010

Jannewa

IN HIERDIE UITGAWE

- VALENTYN BESOEK JvR
- DUYNEFONTEIN BUS
- TOETSROOSTER
- SWEM
- PLUIMBAL
- GASVRYHEIDSTUDIE
- TWEEKAMP
- KULTUUR
- SIENER IN DIE SUBURBS

HET jy

- ... dat mnr. Mönnig gister, 11 Februarie verjaar het?
- ... dat die JvR-gebedsgroepie dit sal waardeer as u ook wil inskakel op 'n Donderdagmiddag tussen 13:00 en 14:00 by ons dogterskoshuis, Huis Jordaan?
- ... dat die toetsreeks op 15 Maart 2010 begin en op 25 Maart 2010 eindig.

VALENTYN BESOEK JvR

Mooi was nog nooit lelik nie. Weereens was ek tot verwondering gevoer deur die absolute prag van die Jan van Riebeeck-meisies. Soveel sjarme, soveel swier, skoonheid en grasie beleef niemand elders as by Jan van Riebeeck se Valentynsbal nie. Komplimenterend tot die meisies was 'n waardige klomp manne wat die kuns verstaan hoe om 'n dame te vergesel, haar oë te laat blink en die ewige jeug te onderstreep. Uys Krige se vertaling van 'n gedeelte van Twelfth Night van William Shakespeare; "Liefde gesoek, my vriend, is heuningsoet," was heel gepas die tema van die aand. Dit sal baie verkeerd wees om nie die personeel en graad 11-komitee uit te sonder vir 'n absolute stylvolle en waardige funksie wat ongelooflik kreatief voorberei is nie. Hierdie geleentheid het aan alle kriteria voldoen om jongmense die geleentheid te bied tot gesofisti-keerdheid, waardigheid, respek en 'n toonbeeld van 'n fyn Ek is dankbaar dat geleenthede soos hierdie ook ingesluit kan word in die jaarprogram. Meer nog is ek baie trots op ons leerlinge wat ten spyte van die algemene norm van gemiddeldheid nog steeds uitstyg om waarde tot die skool en mede-leerlinge toe te voeg. Baie dankie aan die ouers vir al die pragtige opvoeding en ook die onbaatsugtige uitgawes aan uitrustings. Dit plaas u kind net in 'n ander klas. By Jan van Riebeeck ken ons nie halwe mates nie, vir werk of speel en dit maak ons uniek en maklik om mee te assosieer. Sterkte vir die res van die kwartaal!

DUYNEFONTEIN-BUS

Vanaf Dinsdag, 16 Februarie 2010, sal die Duynefontein-kinders ook deur Elwierda vervoer word. Wees dus vanaf Dinsdag-oggend op die uitkyk vir die Elwierda-bus.

TOETSROOSTER VIR DIE EERSTE KWARTAAL: 15 MAART- 25 MAART 2010

DATUM	GRAAD 8	GRAAD 9	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
MAANDAG 15 MAART	NW	MSW	Musiek (Gr 2) Rekeningkund. Toerisme IGO RTT	Musiek (Gr 3) Besigheidst Aard Drama IT	Musiek (Gr 1) Fisiese Wet Ekonomie GVS Geskiedenis
DINSDAG 16 MAART	EBW	Eng	Lewenswet.	Engels	Wiskunde Wiskundige Geletterd
WOENSDAG 17 MAART	Wiskunde	Afr	Afrikaans	Lewenswet	Visuele Kuns
DONDERDAG 18 MAART	MSW	EBW	Wiskunde Wiskundige Geletterd.	Afrikaans	Musiek (Gr 2) Rekeningkunde Toerisme IGO RTT
VRYDAG 19 MAART	Afr	NW	Geskiedenis	Musiek (Gr 2) Rekeningk Toerisme IGO RTT	Engels
DINSDAG 23 MAART	Kuns en Kultuur	Wiskunde	Musiek (Gr 1) Fisiese Wet Besigheidst Gasvryheidst. Drama	Musiek (Gr 1) Fisiese Wet Ekonomie Gasvryheidst. Geskiedenis	Musiek (Gr 3) Besigheidst Aard Drama IT
WOENSDAG 24 MAART	Engels	Tegnologie	Engels	Visuele Kuns	Afrikaans
DONDERDAG 25 MAART	Tegnologie	Kuns en Kult	Musiek (Gr 3) IT Visuele Kuns Ekonomie Aard	Wiskunde Wiskundige Gelett.	Lewenswet

SWEM

Die Wes-Kaap Swemproewe se tweede rondte vind Saterdag plaas. Die volgende leerders het deurgedring en ons wens hulle alle voorspoed toe:

Jaco Steyn, Rina van Zyl, Chanté Zandberg, Henrico Harris en Olivia de Waal.

Alle voorspoed ook aan ons eie swemspan wat op 17 Februarie aan die W.P. A-liga Gala deelneem.

JUNIOR SPRINGBOK! PLUIMBAL

Lee-Ann de Wet is gekies vir die Pluimbal Junior Springbokspan wat in April in Mexico gaan deelneem. Baie geluk aan die jong pluimbalspeler. Ons beste wense vergesel haar.

W.P. TWEEKAMP

Op Vrydag 5 Februarie het dertien Jan van Riebeeck Tweekampatlete vir Meraaitjie gepak en met juf. Steyn agter die stuur die tog Oudtshoorn toe aangepak om onderskeidelik die WP se A- en B-spanne te gaan verteenwoordig in die Highgate Interprovinsiale Toernooi. Saterdag in bloedige hitte, met oggendtemperature wat 41°C bereik het, het hulle hulself goed van hul taak ge-kwyt op die atletiekbaan en in die swembad. Sondag het almal aan die Biathlo deelgeneem en weereens skitterend presteer met verskeie medaljes wat verower is voor die tog huis toe aangepak is. Baie dankie ook aan die ouers wat ons atlete tydens die toernooi ondersteun het.

Ons wens al die Tweekampatlete voorspoed toe met hul voorbereiding vir die komende WP-kampioenskappe waarna 'n WP-span aangewys gaan word om aan die SA-toernooi in Bloemfontein te gaan deelneem.

Gasvryheidstudie

Dit is merkbaar hoe die graad 12-leerlinge groei en ontwikkel en al beter resultate lewer. Dankie aan dié graad vir die netjiese opruiming van die lokaal na die prakties. Hou so vol. Die graad 10-klas is bekendgestel aan die Welgemeend en raak meer vertroud met die nuwe apparaat en toerusting.

Dankie aan alle leerders en ouers wat so stiptelik die nodige fooie betaal.

Prakties volgende week:

17/2: Gr. 10B: Gr. 12 PAT 1 (Groep A)

18/2: Gr. 11B: Styselgeregte

15/2: Gr. 12A: Gelatien

19/2: Gr. 12B: Vleis